Gereformeerde Skoolvereniging Dirk Postma

Posbus 31120
TOTIUSDAL
0134

TEL (012) 332-3222
FAKS 086-750-2505
e-pos: gsdp@gsdp.org.za
web: www.gsdp.org.za

AFLEWERINGSADRES:
Cunninghamlaan 1182
Waverley
0186

Mei 2019

Vakature

GRONDSLAGFASE-ONDERWYSER - GR 3
(MET DIE NODIGE KWALIFIKASIES)

Aanstellingsdatum: 1 Januarie 2020

Indien u deel wil wees van 'n gelowige, gemotiveerde en entoesiastiese span van 40 personeellede en indien u glo in onderwys vanuit God se Woord, wat hand-aan-hand loop met hoë akademiese standaarde, verneem ons graag van u.

Vereistes: Die kandidaat moet:

- lidmaat wees van 'n kerk in die GKSA- of VGKSA-kerkverband.
- gereformeerd wees in leer en lewe.
- oor 'n BEd-kwalifikasie beskik (met ondervinding van grondslagfase).
- oor grondige kennis beskik van die vakgebied.
- vlot Afrikaans magtig wees.
- 'n onvoorwaardelike registrasie by SARO, as professionele onderwyskundige, besit.

Aansoeke: SLEGS indien u aan bogenoemde vereistes voldoen, voorsien ons van die volgende:

- 'n Volledige Curriculum Vitae in Afrikaans;
- Afskrifte van kwalifikasies en professionele registrasies;
- Getuigskrif vanaf u huidige predikant;
- 'n Motiveringsbrief wat beskryf waarom u uself as geskik ag vir die pos;
- Ten minste twee verwysings van vorige werkgewers.

Handig bogenoemde in teen DV 31 Mei 2019 aan een van die volgende:

- Per e-pos: gsdp@gsdp.org.za
- Per harde kopie: Laerskoolkantoor: Cunninghamlaan 1182, Waverley, Pretoria

Navrae: Per e-pos: erik.visser@gsdp.org.za

Indien u, nadat u aansoek ingedien is, niks van ons verneem nie, moet u asseblief aanneem dat u aansoek onsuksesvol was.

Die Gereformeerde Skool Dirk Postma is 'n onafhanklike, gereformeerde skool in Waverley, Pretoria, met ± 400 leerlinge in die kleuter-, laer- en hoërskool.

Mnr HJJ Visser
Laerskoolhoof

NB: GSDP behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.